# SANTAM VRAGDEKKING PLUS AFDELING

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Verlies van of skade aan die hele of ’n deel van die Eiendom (soos omskryf), in die loop van transito deur die vervoermiddel soos in die bylae vermeld of ander metodes wat daarmee gepaardgaan, en veroorsaak deur:

1. **Alle Risiko** (indien in die bylae as die tipe dekking vermeld)

   Enige ongeluk of teëspoed nie andersins uitgesluit nie.

2. **Brand, ontploffing, botsing, omslaan van die vervoermiddel** (indien in die bylae as die tipe dekking vermeld)

3. **Diefstal wat volg op brand, ontploffing, botsing, omslaan van die vervoermiddel** (indien in die bylae as die tipe dekking vermeld)

4. **Kaping van die vervoermiddel** (indien in die bylae as die tipe dekking vermeld)

5. **Diefstal van die vervoermiddel** (indien in die bylae as die tipe dekking vermeld)

6. **Diefstal (die vervoermiddel word nie terselfdertyd gesteel of gekaap nie)** (indien in die bylae as die tipe dekking vermeld)

Op voorwaarde dat vir elk van die bogenoemde:

1. die Versekerde verantwoordelik sal wees vir die eerste bedrag betaalbaar soos in die bylae vermeld met betrekking tot iedere en elke omskrewe gebeurtenis;

2. die aanspreeklikheid van die Maatskappe vir alle verliese of skade wat voortspruit uit enige enkele omskrewe gebeurtenis hoogstens sal wees:

   2.1 met betrekking tot nuwe Eiendom, die faktuurbedrag met inbegrip van vervoerkoste, maar waar geen faktuur uitgemaak is nie, die werklike waarde en/of katalogusprys wat geld op die tydstip van die verlies plus vervoerkoste;

   2.2 met betrekking tot ander Eiendom, die werklike waarde;

   2.3 die versekerde bedrag wat in die bylae vermeld word;

   wat ook al die laagste is.

Vir interne makelaargebruik alleenlik van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

## OMSKRYWINGS

**Kaping** sal beteken buitmaking van die vervoermiddel wat die versekerde Eiendom bevat en tot gevolg het dat die versekerde Eiendom wat in of op sodanige vervoermiddel is, ook buitgemaak word waar sodanige buitmaking bewerkstellig word deur middel van geweld op of teen die persoon of persone wie, ten tye van sodanige buitmaking, in werklike wettige beheer van die vervoermiddel en die versekerde Eiendom is.

**Versekerde** sal beteken die vervoerder, of vragryer soos in die bylae omskryf, maar uitgesluit enige subkontrakteurs.

**Omslaan** word geag ontsporing van die vervoermiddel in te sluit, of daar werklike omslaan plaasvind, of nie.

**Eiendom** sal beteken die eiendom soos in die bylae beskryf, ingesluit alle houers, toue, seile, verpakkingsmateriaal, bedekkings, kartondose en etikette soos benodig in kommersiële gebruik deur die Versekerd**e**,
maar uitgesluit alkohol, drank en alkoholiese drankies, antieke ware of oudhede van watter aard ookal, vuurwapens, ammunisie, kunswerke, lewende diere van enige beskrywing, bank- en skatkisnote, kontant, reisigerstjeks, staafgoud, platinum, kobalt, koper, aktes, ontwerpe, dokumente van watter aard ookal, plofstof, pelse, juweliersware, patrone, planne, edelmetale of -stene, gemunte goud, seëls, kaartjies, tabak, geelkoper en skrootmetaal, eksotiese seekos insluitend kaviaar, garnale, calamari en kreef, vliegtuie en hulle onderdele en toebehore tensy aan die Maatskappy verklaar en spesifiek in die bylae ingesluit.

# MEMORANDA

1. Transito word geag 'n aanvang te neem vanaf die tydstip waarop die Eiendom wat in die bylae beskryf word op die afsender se perseel geskuif word (met inbegrip van die dra na enige vervoermiddel en daarop laai), voortgesit te word met die vervoer na die ontvanger (insluitend tydelike berging van hoogstens 96 uur in die loop van die reis) en te eindig wanneer die aflaai en aflewering voltooi is by enige gebou of bergingsplek by die ontvanger se persele.

2. Indien enige ontvanger weier om die Eiendom te ontvang wat versend is, word transito geag voortgesit te word en die versekering ten opsigte van sodanige Eiendom bly van krag totdat die Eiendom deur enige vervoermiddel by die persele van die afsender afgelewer word, met dien verstande dat die Versekerde alle redelike maatreëls tref om seker te maak dat die Eiendom so gou as redelikerwys moontlik teruggestuur word.

3. Wanneer die vervoermiddel 'n gespesifiseerde voertuig is, is die versekering ingevolge hierdie afdeling van toepassing op Eiendom op enige voertuig wat tydelik in die plek daarvan gebruik word terwyl 'n gespesifiseerde voertuig herstel of versien word, welke vervangingsvoertuig nie die eiendom van die Versekerde is of deur hom gebruikhuur of gehuur word ingevolge 'n bruikhuur- of opskortende verkoopsooreenkoms nie.

4. Ingeval 'n gespesifiseerde vervoermiddel onklaar raak gedurende transito of indien die Eiendom om enige rede buite die beheer van die Versekerde in gevaar gestel word, verhinder niks hierin vervat die Versekerde daarvan om gebruik te maak van enige ander soort vervoermiddel ten einde die transito te voltooi nie en die versekering verleen word nie daardeur beïnvloed nie.

# SPESIFIEKE UITSLUITINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir:

1. verlies of skade wat voortspruit uit of veroorsaak word deur:

   1.1 diefstal of enige poging daartoe uit enige onbewaakte voertuig tensy die voertuig:

      1.1.1 gehuisves word in 'n behoorlik gesluite gebou of perseel met 'n veiligheidsomheining en betreding of verlating van sodanige gesluite gebou of perseel met 'n veiligheidsomheining kragdadig en gewelddadig is;

      1.1.2 geparkeer word by 'n erkende vulstasie en padkafee;

      1.1.3 en die besending as geheel gesteel word;

   1.2 inherente fout of gebrek, ongedierte, insekte, klamheid, muf of roes;

   1.3 die oneerlikheid van enige prinsipaal, vennoot of direkteur, hetsy hy alleen optree of met ander saamspan;

   1.4 detensie, konfiskering, beslaglegging of rekwisisie wat wettig uitgevoer word deur doeane, polisie, misdaadvoorkomingseenhede, die Batebeslagleggingseenheid of ander beamptes of owerhede;

   1.5 wat ontstaan gedurende transito per see of binnelandse transito wat daarmee gepaardgaan, tensy

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

sodanige verlies of skade veroorsaak is deur brand of ontploffing of botsing of die omslaan of ontsporing van die vervoermiddel wat in die bylae beskryf word of diefstal of kaping van die vervoermiddel;

1.6 onklaarraking van verkoelingstoerusting;

1.7 skrape, duike, afskilfering of ontsiering wat nie die werking van enige item beïnvloed nie, tensy dit volg op ’n ongeval of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie;

1.8 vervoer van enige vrag wat die dravermoë oorskry waarvoor die vervoermiddel gebou of gelisensieer is;

2 slytasie of geleidelike agteruitgang (insluitende die geleidelike inwerking van lig- of klimaats- of atmosferiese toestande) tensy dit volg op ’n ongeval of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie;

3 meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking, weiering, brekasie of steuring van die versekerde Eiendom, tensy dit volg op ’n ongeval of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie;

4 verlies van of skade aan:

4.1 Eiendom buite die gebiedsperke soos in die bylae vermeld;

4.2 Eiendom wat andersins verseker is, of wat in die afwesigheid van hierdie afdeling, verseker sou word deur enige ander versekering, behalwe ten opsigte van enige bedrag bó die bedrag wat ingevolge sodanige ander versekering betaalbaar sou gewees het as die versekering ingevolge hierdie afdeling nie aangegaan is nie;

5 gevolglike verlies van enige aard, oponthoud, verlies aan markte, waardevermindering of veranderings wat teweeggebring word deur natuurlike oorsake;

6. verlies of skade wat ontstaan terwyl enige voertuig bestuur word deur enige persoon:

6.1 met die algemene toestemming van die Versekerde wat na die wete van die Versekerde onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van ‘n lid van die mediese beroep behalwe hyself);

6.2 wat nie gelisensieer is om sodanige voertuig te bestuur nie, tensy die Versekerde onbewus was dat die bestuurder ongelisensieer is en indien die Versekerde tot bevrediging van die Maatskappy kan bewys dat daar in die normale verloop van sy besigheid maatreëls ingestel is om te verseker dat slegs gelisensieerde bestuurders toegelaat word om versekerde voertuie te bestuur.

7. Verlies of skade veroorsaak deur enige voertuig wat gebruik word om die Eiendom te vervoer en in enige opsig nie aan die vereistes vir padwaardigheid soos uiteengesit in die Nasionale Padverkeerswet Nr.93 van 1996 (soos gewysig) of enige vervangende wet voldoen nie, of van enige provinsiale of plaaslike proklamasie of wet wat op die voertuig van toepassing is.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

## 1. Oplaai en aflaai

Op- en aflaai is slegs gedek indien sodanige op- en aflaai die verantwoordelikheid van die Versekerde of sy benoemde subkontrakteur is en sodanige op- en aflaai onder die direkte beheer en toesig van die Versekerde of sy benoemde subkontrakteur plaasvind.

# KLOUSULES EN UITBREIDINGS

Andersins onderhewig aan die terme, uitsluitings en voorwaardes van hierdie afdeling en die Algemene afdeling (waarvan alles geldig en toepaslik bly, tensy spesifiek hieronder geskrap of verander), word die dekking ingevolge hierdie afdeling verander of uitgebrei soos hieronder uiteengesit onder elke uitbreiding en klousule (maar waar van toepassing soos hieronder aangedui, slegs indien sodanige uitbreidings en klousules as ingesluit in die bylae vermeld word) onderhewig aan enige versekerde bedrae of eerste bedrae betaalbaar soos vermeld in die bylae onder elke uitbreiding.

## Handelsname of -merke

In die geval van 'n geldige eis vir skade aan die versekerde item met 'n handelsnaam of -merk waarvan die verkoop met 'n waarborg gepaardgaan, sal die waarde, indien versoek deur die Versekerde, slegs bereken word nadat sodanige handelsnaam of -merk verwyder is en indien nodig, sal die items herverpak word in ongemerkte houers. Die koste van die verwydering en herverpakking sal vir die Maatskappy se rekening wees.

Niks in hierdie klousule sal die bepalings van die klousule: Wegdoen met geredde goedere, soos hieronder aangedui, tersyde stel nie.

## Wegdoen met wrakgoedere

Ingeval van verlies of skade wat onder hierdie afdeling verhaalbaar is, sal die Versekerde alle redelike stappe doen om sy verlies te beperk en die beskadigde goedere teen die beste moontlike wrakprys onder die omstandighede te verkoop, met die vooraf skriftelike toestemming van die Maatskappy. As die Versekerde sou versuim om dit te doen, sal die Maatskappy nietemin geregtig wees om die bedrag van die eis betaalbaar ingevolge die polis te verminder met 'n bedrag gelykstaande aan 'n billike wrakwaarde.

## Brandbluskoste (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien die Eiendom omskryf in die bylae verlore raak of deur brand beskadig word terwyl in transito wat ingevolge hierdie afdeling verseker word, betaal die Maatskappy, benewens skadeloosstelling aan die Versekerde vir sodanige verlies of skade, ook die koste van die blus van die brand of poging daartoe met dien verstande dat die maksimum bedrag betaalbaar ingevolge hierdie uitbreiding hoogstens die versekerde bedrag beloop wat teenoor hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word.

## Etikette

In die geval van skade aan etikette, doppe of omhulsels, sal die Maatskappy, indien aanspreeklik daarvoor in terme van hierdie polis, se aanspreeklikheid beperk wees tot 'n bedrag wat voldoende is om die koste te betaal van nuwe etikette, doppe of omhulsels sowel as vir die koste vir die opknapping van die goedere, met dien verstande dat die Maatskappy se aanspreeklikheid hoogstens die versekerde waarde van sodanige beskadigde goedere sal beloop.

## Pare en Stelle

As 'n versekerde item deel uitmaak van artikels in 'n paar of stel, sal hierdie afdeling hoogstens die waarde van die betrokke part of parte betaal wat verlore of beskadig raak, sonder inagneming van enige spesiale waarde wat sodanige item of items mag hê as deel van sodanige stel of paar, en ook nie meer nie as 'n eweredige deel van die versekerde waarde van die paar of stel.

## Herstellers

Op voorwaarde dat skriftelike goedkeuring vanaf die Maatskappy verkry is, mag die Versekerde die opsie uitoefen om die herstellers wat aangestel moet word (wat hulself insluit) te benoem, waar herstelwerk deur enige ander party die regte van die vervaardigers en/of die verskaffers se waarborge en so meer, sal benadeel. Die Maatskappy stem in om die redelike koste van die herstellers deur die Versekerde benoem, te betaal.

## Oproer en staking (behalwe RSA en Namibië) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

1. burgerlike onrus, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;
2. die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in 1 hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

1. verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;
2. gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd;
3. verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

4. verlies of skade wat veroorsaak is deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

5. verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene uitsluiting 1 (A) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis;

6. verlies of skade in enige land wat gelys is onder die opskrif “Land – Oproer en staking uitgesluit” in die bylae onder hierdie uitbreiding vermeld. Indien die Maatskappy nie enige land ingevolge die dekking wat deur hierdie uitbreiding verskaf word, uitgesluit het nie, sal die bovermelde opskrif nie in die bylae aangedui word nie.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepalings 1 tot 6 hierbo beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

## **Berging/herwinning van vragkoste** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die dekking onder hierdie afdeling word uitgebrei om bykomende redelike koste in te sluit wat die Versekerde aangegaan het in verband met Eiendom wat vervoer word en wat ingevolge hierdie afdeling gedek is, volgende op ’n versekerde omskrewe gebeurtenis wat verhoed dat die voertuig die goedere by ’n voorafbepaalde bestemming aflewer of voortgaan om dit af te lewer.

Redelike koste sal insluit:

1. puinverwydering van enige Eiendom;
2. koste om alternatiewe vervoer na die ongelukstoneel te stuur;
3. koste om die Eiendom van die beskadigde voertuig af te laai en op die alternatiewe voertuig te laai;
4. koste om die vrag te beskerm,

met die verstande dat die Maatskapy se aanspreeklikheid met betrekking tot hierdie uitbreiding hoogstens die versekerde bedrag per gebeurtenis beloop wat in die bylae per item vermeld word.

## **Subkontrakteur(s)** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die omskrywing van “Versekerde” word herbewoord om te lees:

**Versekerde** sal beteken die vervoerder of vragryer soos in die bylae omskryf en met inbegrip van daardie subkontrakeurs wat in die bylae onder hierdie uitbreiding gelys word.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge